

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 52: Va'yelech (ויילך) – En Moses Het Gegaan

Daarna het Moses gegaan en die hele Israel met hierdie woorde toegesprek. Deut. 31:1

Torah : Deut. 31:1 tot 30

- ❖ **YHVH: Waarmaker Van Sy Woord**
- ❖ **Deut. 31:1** – Gaan Voort!
- ❖ **Deut. 31:6** – Wees Nie Bevrees Nie!
- ❖ **Deut. 31:14 tot 18** – Die Afval Van Israel.

Haftorah: Jes. 55:6 tot 56:8 – Keer Terug Na YHVH

Hernieuwe Verbond: 2 Thess. 2:3, 10 tot 12; 1 Tim. 4:1; 2 Tim. 4:3 en 4; 2 Peter 2:1 tot 3; Hand. 7:51 tot 60; Rom. 8:31 en 37; Efes 6:10; Fil. 4:13; 1 Pet. 5:10; Fil. 1:1 tot 2:30

'n *Mitzvah* ('n gebod) is 'n geleentheid om 'n geestelike verbintenis met Vader-God te bewerkstellig en te vestig. Dit is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad (Ps. 119:105) sodat ek my geestelike eindbestemming suksesvol kan bereik en 'n lewe van oorvloed deelagtig kan wees. Elke *mitzvah* is 'n tree na my eindbestemming, want die gebod is 'n lamp en die onderwysing 'n lig en die teregwysing van die tug 'n weg tot die lewe (Spr. 6:23). Die vreugde van Torah-gehoorsaamheid is gesetel in die vreugde wat ons gehoorsaamheid YHVH bied. Gehoorsaamheid sonder vreugde is om die doel van Torah te mis!

Daarna het Hy vir my gesê: Mensekind, eet op wat jy vind; eet hierdie rol (Torah) op, en gaan spreek met die huis van Israel. Toe het ek my mond oopgemaak, en Hy het my dié rol (Torah) laat eet en vir my gesê: Mensekind, laat jou buik eet, en vul jou ingewande met

hierdie rol (Torah) wat Ek jou gee. En ek het dit geëet, en dit was in my mond soos heuning so soet. Eseg. 3:1 tot 3

Midrash (Torah Bespreking)

YHVH: Waarmaker Van Sy Woord

Hierdie week se parashah is gevul met gemengde emosie! Aan die een kant is Moses hartseer, want die tyd van afskeid het aangebreek. Sy hartseer is nie net die feit dat hy afskeid moet neem van die volk wat hy uit Egipte en deur die wildernis gelei het nie, maar hy is ook hartseer dat hy nie saam met hulle die Beloofde Land in besit kan neem nie.

Maar dan beleef ons ook Moses se optimisme en vreugde, want hy het die toekomstvisie en bevestiging van Israel se finale herstel as YHVH se eiendomsvolk in die Beloofde Land, Israel, eerstehand by YHVH self gekry. YHVH is 'n waarmaker van sy woord en in die einde van dae sal dit wees presies volgens wat Moses in die toekoms 'gesien' het.

Israel se geskiedenis is dan ook gevul met hartseer en lyding, maar hulle vreugde te midde van dit alles is ook 'n kenmerk van hulle verlede en van die hede. Hierdie kenmerkende ewige optimisme van die Jode kan op die vooraand van *Yom Teruah* (Fees van Trompette en die begin van die nuwe jaar volgens die Israel kalender, naamlik *Rosh HaShannah*) opgesom word in die woorde van die Rabbynse wysgere van ouds: *Let the curses of the old year end with the passing of that year; let the blessings of the new year commence with the advent of this new year.*

Volgens Hebreuse denke is elke jaar 'n goeie jaar wat soms onderbreek word deur oomblikke van hartseer en teenspoed. Realisme wat met optimisme gevul word, is volgens Hebreuse denke die formule vir vreugde. *Sadness is not in order but seriousness is. The struggle to prosper begins with a spirit of inner optimism* (Rabbi Berel Wein).

By Israel was daar ook die hartseer van afskeid teenwoordig, asook die onsekerheid dat dit nie Moses sal wees wat hulle in die Beloofde Land sou inlei nie! Maar dit sal tot Israel se voordeel wees. YHVH het as te ware elke Israeliet die geleentheid gebied om nou 'n 'Moses' te wees deur selfstandig voort te bou op dit wat hy hulle geleer het. Is dit nie wat Yeshua ook aan die disippels gesê het nie?

Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan. En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen. As julle My liefhet, bewaar my gebooie. Joh. 14:12 tot 15

Moses, die volk van YHVH se persoonlike gids, sal nie saam met hulle die Beloofde Land in besit neem nie, maar die gees van Moses soos deur YHVH se onderrig en instruksies (die Torah) aan hulle prakties gedemonstreer was, sal altyd saam met hulle wees. Ja, selfs tot vandag toe! Yeshua het ons ook nie as weeskinders agtergelaat nie, maar die Afgesonderde Gees het gekom om ons te bemagtig om die hande, voete en lippe van Yeshua te wees. Die Afgesonderde Gees is ons Trooster, ons krag tot Torah-gehoorsamheid en rede vir ewige vreugde en optimisme!

Die woorde van Rabbi Berel Wein som dit soos volg op:

Moshe, who sees all of the events that will befall the Jewish people until the end of days, is serene and peaceful at the end of his life. He is comforted by the knowledge that the God of Israel will see the people through the times of sadness and not allow them to despair of their future and fate. His optimism overcomes his sadness and out of this is born the nature of Israel in all of its generations.

[<http://www.torah.org/learning/rabbiwein/5767/netzavim.html>]

Bepeins of Bespreek

1. Leef ons nie ook in die dae van gemengde emosie nie? Is ons nie ook gevul met hartseer en onsekerheid nie, en tog ook met ewige optimisme soos eindtyd gebeure besig is om te ontvou nie? Is ons rede vir optimisme nie juis gevestig in Yeshua en YHVH se Torah nie?
2. Kan ons identifiseer met die gesindheid van ons broers van Juda? Het ons nie juis meer rede tot ewige vreugde en optimisme nie, want ons ken Yeshua as Messias en ons het die openbaring van Torah-gehoorsaamheid ontvang?

Deut. 31:1 – Gaan Voort!

Daarna het Moses gegaan en die hele Israel met hierdie woorde toegespreek.. Deut. 31:1.

Waarheen het Moses gegaan? Torah gee nie vir ons ‘n duidelike antwoord nie. Miskien is die gedagte wat Torah aan ons wil oordra die volgende: *En Moses het voortgegaan....!*

Hoewel Moses geweet het dat sy tyd om te sterf aangebreek het, het hy nie op sy eie belange en emosies gefokus nie, maar het hy voortgegaan om die belange van Israel vir die huidige en toekomstige steeds eerste te stel. Moses het tot die einde op sy roeping gefokus. Hy was ‘n onselfsugtige leier!

YHVH het vir Moses nog sy laaste opdragte gegee om uit te voer, naamlik om Israel bymekaar te roep en die laaste woorde van YHVH se onderrig en instruksies (Torah) aan die volk oor te dra, asook om Josua se leierskap te bevestig en laastens om ‘n lied te skryf:

Daarom, skryf nou hierdie lied vir julleself en leer dit vir die seuns van Yisra’el; sit dit op hulle lippe sodat hierdie lied vir My ‘n getuie teen die seuns van Yisra’el kan wees, want wanneer Ek hulle inbring in die land wat vloei met melk en heuning, wat Ek aan hulle vaders met ‘n eed beloof het en hulle geëet het, versadig is en voorspoedig word; dan sal hulle afdraai na ander gode en dié dien en hulle sal My verwerp met veragting en My verbond verbreek; dan sal dit gebeur dat, wanneer baie booshede en moeilikhede oor hulle kom, dat hierdie lied voor hulle sal getuig as ‘n getuie, want dit sal nie vergeet word op die lippe van hulle nageslag nie, want Ek ken hulle bedoeling, wat hulle vandag ontwikkel, voordat Ek hulle inbring in die land wat Ek met ‘n eed beloof het.” Deut. 31:19 tot 21 PWL¹.

In die dae van ouds was dit dikwels die gebruik om dinge wat van gemeenskaplike belang en besorgdheid was in die vorm van ‘n lied te komponeer om as herinnering (getuie) op die lippe van die nageslag te dien. Vergelyk dit met wat Paulus aan die Kolossense geskryf het:

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch: of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com

Laat die woord van die Messias ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Meester (Kol. 3:16 – Woord en Getguienis).

Waarskynlik het die wete dat hierdie lied sy laaste taak op aarde was vir Moses gemotiveer om tot die einde voort te gaan om Israel se belange eerste te stel. Ons weet nie soos 'n Moses wanneer ons laaste dag op aarde is nie, maar ons kan uit die voorbeeld wat Moses gestel het leer om elke dag so te lewe asof dit ons laaste dag is. Ons moet leer om elke dag voort te gaan om, uit liefde vir Vader-God, Torah-gehoorsaam te lewe!

Maar tog het YHVH ons geseën met *Yom Kippur* – die Versoendag. Een keer 'n jaar kry ons die geleentheid om voor YHVH te verskyn asof dit ons laaste dag op aarde is. Indien ons die voorafgaande 40 dae van *teshuvah* met alle erns van selfondersoek gedoen het, dan sal ons die dag na *Yom Kippur* as te ware as 'n nuwe mens tegemoet gaan. Die eie-ek sal op *Yom Kippur* sterf en 'n nuwe mens sal met YHVH versoen word. Daarom is *Yom Kippur* 'n herinnering aan ons wedergeboorte – 'n herinnering aan die genade van vergifnis in Yeshua Messias en versoening met YHVH as 'n nuwe skepsel. *Yom Kippur* is 'n geleentheid om Vader-God te loof en te prys vir 'n nuwe geleentheid om Torah-gehoorsaam te lewe. 'n Nuwe geleentheid om soos Moses in ons roeping en in gehoorsaamheid aan Vader-God se onderrig en instruksies – Sy Torah – tot die einde te volhard.

Leef elke dag asof dit jou sterwensdag is, maar beplan asof dit die eerste dag van die res van jou lewe is!!

Life is much like a book. The fool leaves through it casually; but the wise man reads it with thoughtful care, knowing that he can read it only once – Jean Paul.

Nobody can go back and start a new beginning, but anyone can start today and make a new ending – Maria Robinson

Bepeins of Bespreek

1. Die dood is nooit ons hoop nie! Maar wanneer ons lewe gekies het (Deut. 30:19), kan ons die dood met hoop (vertroue) tegemoet gaan. Verwys 1 Kor. 15:26 en 2 Kor. 5:8. Die opstanding van die dooies en die bekleeding met 'n verheerlikte liggaam sal die finale oorwinning oor die dood wees. Die 'ander' vyande moet voor die opstanding uit die dood oorwin word.
2. Hoekom het 'n martelaar soos Stefanus die dood tegemoet gegaan terwyl hy die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van YHVH gesien het (Hand. 7:15, 55 en 56), maar Yeshua het uitgeroep: *My God, My God waarom het u my verlaat* (Matt. 27:46)?

Deut. 31:6 – Wees nie bevrees nie!

Wees sterk en dapper; moenie vir hulle bang wees of bewe nie, want יהוה, jou God, is die Een wat saam met jou gaan; Hy sal jou nie in die steek laat of jou verlaat nie. Deut. 31:6 – PWL.

Moses herinner Israel om nie soos hulle ouers te huiwer om die Beloofde Land in besit te neem nie. As te ware gee Moses aan Israel die versekering dat hulle niks het om te vrees indien hulle YHVH se Torah onderhou nie, want יהוה, jou God, is 'n Magtige God wat

omgee; Hy sal jou nie in die steek laat, jou nie vernietig nie en Hy sal die verbond met jou vaders, wat Hy aan hulle gesweer het, nie vergeet nie (Deut 4:31 PWL).

YHVH is vir my; ek sal nie vrees nie: wat kan 'n mens my doen? YHVH is vir my as my helper; so sal ek dan neersien op die wat my haat. Ps. 118:6 en 7

Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Rom. 8:31.

Indien ons Torah-gehoorsaam lewe, sal Vader-God saam met ons gaan – Hy sal ons nie in die steek laat of ons verlaat nie!! Hy sal ons vyande voor ons uitdryf. Dit sal nie deur krag of deur geweld wees nie, maar deur die Afgesonderde Gees van YHVH (Sag. 4:6).

Bepeins of Bespreek

1. Glo ons werklik al bogenoemde beloftes? Leef ons in oorwinning – ‘n lewe van oorvloed? Eerstens geestelike oorvloed waarna liggaamlike en materiële seëninge sal volg. Sommige van ons ‘vyande’ (probleme, siekte, hartseer, ens.) is weens ons eie toedoen (sonde), maar ware berou sal vergifnis en verlossing bring. Talle van ons ‘vyande’ is egter buite ons beheer en die vraag is wat doen ons daaraan? Besef en verstaan ons wie ons in Yeshua is en die outoriteit wat ons oor ons vyande het. Lees die volgende Skrifverwysings in die verband: Psalm 91; Luk. 9:1; 10:19; Rom 8:37; Efes. 6:10 to 18; Jak. 4:7 tot 10; 1 Pet 5:6 tot 10; 1 Joh. 4:4; Open. 12:11.
2. Wat is die voorvereiste vir ‘n lewe in oorvloed? Hoe oorwin ons die duiwel – verwys Jak. 4:1 tot 17 in die verband.

Deut. 31:14 tot 18 – Die Afvalligheid Van Israel.

יהוה sê vir Moshe: “*Let op, jy is op die punt om neer te lê by jou vaders en hierdie volk sal ontstaan en die hoer speel met die vreemde gode van die land waartussen hulle ingaan en My verlaat en My verbond verbreek wat Ek met hulle gesluit het. Dan sal My woede op dié dag teen hulle aan die brand gesteek word en Ek sal hulle verlaat en My gesig vir hulle wegsteek en hulle sal verteer word en baie booshede en moeilikhede sal oor hulle kom sodat hulle op dié dag sal sê: ‘Is dit nie omdat ons God nie tussen ons is dat hierdie booshede oor ons gekom het nie?’ Deut. 31:16 en 17 – PWL.*

Hierdie profetiese woorde het waar geword in die geval van beide Huise van Israel (Juda en Efraim). Die meerderheid van albei huise ontken skuld aan YHVH se aanklag in hierdie Skrifgedeelte, of is onkundig aangaande hul verwerping van Yeshua as Messias en as die Lewende Torah. Beide Huise van Israel het by YHVH se Torah gevoeg en daarvan weggeneem en sodoende in afgodery verval en is daarom skuldig aan die oprigting van hulle eie geregtigheid.

Bepeins of Bespreek

1. Om af te wyk van YHVH se onderrig en instruksies (Torah) is afgodery. Selfs as YHVH se wette uit onkunde oortree word, is dit steeds sonde. Onkunde stel jou nie vry van skuld vir die oortreding van YHVH se Torah nie.

2. Hoe maklik is dit om jou eie geregtigheid op te rig? Die opdrag is om YHWH se geregtigheid te soek en dit te doen!

Maar as die goddelose hom bekeer van al sy sondes wat hy gedoen het, en al my insettinge onderhou en reg en geregtigheid doen, sal hy sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie. En as die goddelose hom bekeer van sy goddeloosheid wat hy gedoen het, en reg en geregtigheid doen – hy sal sy siel in die lewe behou; Eseg. 18:21 en 27

Lees ook Matt. 6:33 en Rom. 10:1 tot 3 in die verband, asook die volgende artikels:

- YHWH se Geregtigheid: <http://nuwelielied.info/?p=963>
- Opregte Bedoelings, Geregtigheid en Gehoorsaamheid: <http://nuwelielied.info/wp-content/uploads/2014/09/GB4.Sept14BedoelingsGeregtigheid.pdf>

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

Jes. 55:6 tot 56:8 – Keer terug na YHWH

Soek יהוה terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die wettelose sy pad verlaat en die onopregte en partydige sy gedagtes en laat hom terugdraai na יהוה en Hy sal vir hom omgee; na ons God, want Hy sal oorfloedig vryspreek. Jes. 55:6 en 7 – PWL.

Ons leef in die einde van dae en daarom spreek die woorde van die profeet Jesaja ook tot elke mens, naamlik: Soek YHWH terwyl Hy nog te vinde is en laat die wettelose – die oortreder van Torah – terugdraai tot die weg van Torah-gehoorsaamheid! Dit is ware bekering!

Ons leef in 'n tyd waar die Christendom hoegenaamd geen begrip het van wat ware bekering behels? Die rede hiervoor is dat die kerk nie werklik 'n onderskeid maak tussen geloof (vertroue) en bekering nie! En tog stel die Skrifte dit baie duidelik dat bekering, saam met geloof in Yeshua as die Messias, die hart van die evangelie uitmaak. **Ons redding behels geloof en bekering!** Geloof is om vergifnis van sonde te ontvang deur die versoeningsoffer van Yeshua die Messias. Bekering is die wegdraai van sonde en die terugkeer tot 'n leefwyse van gehoorsaamheid aan YHWH. Geloof en bekering is dus die mens se reaksie op die genade van YHWH in Yeshua Messias. Deur geloof word elkeen gered en deur bekering word elkeen geheilig (afgesonder) en geseën.

Deur wedergeboorte (geloof in Yeshua as sondoffer) word jy 'n kind van Vader-God en deel van die verbonde en het jy die sekerheid dat jy gered is. 'n Lewe van oorwinning en oorfloed (Joh. 10:10b) kom egter alleenlik deur Torah-gehoorsaamheid. Dit is jou verantwoordelikheid om te ywer om Torah-gehoorsaam te lewe. Die Afgesonderde Gees is jou hulp – die Een wat jou leer, lei en die krag gee om die vlees te oorwin en 'n afgesonderde (heilige) en rein lewe te leef as geregtigverdigde in Yeshua.

Alvorens YHWH gebede sal verhoor, moet elkeen wat tot die Almagtige om hulp roep wedergebore wees en ware bekering ondergaan het!! Die wat glo in YHWH as Skepper-God, die Almagtige, en in Sy genadevoorsiening van sondevergifnis in Yeshua as Messias, moet opvolgend op wedergeboorte terugkeer tot 'n lewenswandel van gehoorsaamheid aan al YHWH se onderrig en instruksies (Torah) soos wat in Yeshua Messias vervul (vervolmaak en bevestig) is. Die Woord van YHWH bevestig dit:

*En YHVH jou God sal die goeie aan jou oorvloedig gee in al die werk van jou hand, in die vrug van jou liggaam en in die vrug van jou vee en in die vrugte van jou land; want YHVH sal weer oor jou ten goede bly wees soos Hy bly was oor jou vaders, **as jy na die stem van YHVH jou God luister om sy gebooie en sy insettinge te hou wat in hierdie wetboek geskrywe is; as jy jou tot YHVH jou God bekeer met jou hele hart en met jou hele siel.***
Deut. 30:9 en 10.

Talle glo dat Yeshua die Messias is – die Lam wat vir ons sondes gesterf het. Dit beteken egter nie dat almal hulle bekeer het nie. Om bekeerd te wees is om al YHVH se gebooie, insettinge en verordeninge te onderhou!

*En YHVH het Israel en Juda gewaarsku deur die diens van elke profeet en elke siener en gesê: **Bekeer julle** van jul verkeerde weë **en onderhou my gebooie, my insettinge, volgens die hele wet (Torah)** wat Ek julle vaders beveel het, en wat Ek deur die diens van my diensknegte, die profete, vir julle gestuur het. 2 Kon.17:13.*

Soos Israel van ouds is ons in ballingskap weens ons sondes van rebellie teen YHVH se wet. Ons het bannelinge in ons eie land geword!! Die geskiedenis van Israel is getuie dat ware bekering nie net bevryding van ballingskap tot gevolg gehad het nie, maar ook die waarborg was van YHVH se oorvloedige seën. Telkens wanneer Israel teruggedraai het na YHVH en gehoor gegee het aan Sy onderrig en instruksies – Sy wet (Sy Torah) – het hulle weer al die seëninge van hulle God en Vader deelagtig geword.

*Maar as hulle in die nood hul tot YHVH, die God van Israel, **bekeer het** en Hom gesoek het, het Hy Hom deur hulle laat vind. 2 Kron. 15:4.*

Telkens wanneer Israel berou gekry het en hulle bekeer het, naamlik teruggedraai het na Torah-gehoorsaamheid, het YHVH hulle genadig gewees en hulle van onheil bewaar.

maar as dié nasie waaroor Ek gespreek het, hulle bekeer van hul boosheid, sal Ek berou hê oor die onheil wat Ek van plan was om hulle aan te doen. Jer.18:8.

Die probleem met Israel was dus nie hul ongeloof nie. Nee, hulle het steeds geglo in die God van Abraham, Isak en Jakob en in die Messias wat sou kom! Hulle sonde was nie ongeloof nie, maar wel ongehoorsaamheid. Die probleem was dat hulle die wet, YHVH se Torah, versaak het. Dit was die rede hoekom YHVH Sy seëninge van Israel weerhou het, hoekom hulle vyande hulle verslaan het en hoekom hulle in ballingskap weggevoer was!!

YHVH het van die begin af aan sy volk die keuse gegee tussen die seëninge van gehoorsaamheid aan Sy Torah (die wet; onderrig en instruksies) en van die vloeke van ongehoorsaamheid:

As jy dan goed luister na die stem van YHVH jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal YHVH jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde. En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die YHVH jou God. Deut. 28:1 en 2.

Maar as jy nie luister na die stem van YHVH jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal. Deut. 28:15.

Dit was nie voldoende vir Israel om net geloof in YHVH te hê nie. Nee, hulle geloof moes met bekering, naamlik gehoorsaamheid aan die wet (die Torah) gepaard gegaan het alvorens

hulle deur YHVH oorvloedig geseën was. Gehoorsaamheid is om terug te draai na al die onderrig en instruksies, naamlik YHVH se wet (Torah), wat Hy vir die gelowiges gegee het. **Onthou:** Die Torah is Vader-God se liefdevolle onderrig en instruksies!

Ware bekering is gehoorsaamheid aan al YHVH se onderrig en instruksies!!! Dit is die les wat die geskiedenis van Israel vir ons leer en ons behoort in hierdie tye waarin ons leef dit ernstig ter harte neem!!

Jesaja herinner ons ook aan die feit dat YHVH ‘n waarmaker van Sy Woord is:

want soos die reën en die sneeu van die hemel afkom en nie daarheen terugkeer sonder om die aarde nat te maak en dit te laat voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaiër en brood aan die eter, nie, so sal My woord wees wat uit My mond uitgaan; dit sal nie leeg na My toe terugkom, sonder om te bereik wat Ek begeer en sonder om voorspoedig te wees in dit waarvoor Ek dit stuur, nie. Jes. 55:10 en 11 – PWL.

Alles wat YHVH gespreek het sal waar word, want Hy is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde (Heb. 13:8) en by wie daar geen skaduwee van omkering is nie (Jak. 1:17). Daarom moet ons onthou dat YHVH ewe getrou is aan Sy seëninge as aan Sy vloeke (oordele). YHVH is ‘n God van liefde, maar ook van oordeel. Die geskiedenis van Israel bewys dit! YHVH se oordeel (vloeke) is nie onder die hernieuwe verbond opgehef nie!

Laastens herinner Jesaja ons aan die beloftes vir diegene wat die Shabbat gedenk en dit afsonder (heilig)

So sê יהיה: “Bewaar die regverdige oordeel en doen onpartydigheid en opregtheid, want My verlossing is op die punt om te kom en My onpartydigheid en opregtheid om geopenbaar te word. Hoe geseënd is die mens wat dit doen en die seun van ‘n mens wat daaraan vashou, wat hom daarvan weerhou om die Shabbat te onteer en sy hand weerhou daarvan om boosheid te doen. Jes. 56:1 en 2 – PWL.

In die Afrikaanse 1933 vertaling lees vers 2 soos volg: **Welgeluksalig is die mens wat dit doen en die mensekind wat daaraan vashou...**

Wil jy wel, gelukkig en salig wees? Gedenk dan die Shabbat!!

Psalm 1:1 tot 3 beskryf ook wat jy moet doen om ‘n welgeluksalige lewe te hê, naamlik:

Geseënd is die man wat nie wandel in die raad van die afvallige en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; maar sy behae is in die Torah van Yahweh, en hy oordink sy Torah dag en nag. En hy sal wees soos ‘n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit. (Woord en Getuienis)

Wel beteken dit gaan goed, asook dat jy goeie gesondheid ondervind. *Gelukkig* is ‘n gemoedstoestand van vreugde en blydschap, terwyl *salig* beteken om gered en om geseënd te wees en voorspoed te beleef. Om welgeluksalig te wees beteken dus dat dit goed met jou gaan, want jy geniet goeie gesondheid en is gelukkig, asook gered, geseënd en voorspoedig. Welgeluksalig beteken om in ‘n benydenswaardige posisie te wees.

Om welgeluksalig te wees moet jy drie dinge **nie doen nie** (Ps. 1:1). Eerstens moet jy nie na die raad van die afvalliges (goddelose) luister nie. Nee, jy moet die raad van YHVH volg en

dit in jou lewe toepas. YHVH se raad (advies, doel) word in Sy wet, naamlik Torah uiteengesit en is die liefdevolle Vader se onderrig in geregtigheid. **Moet dus nie die raad van diegene volg wat YHVH se Torah verwerp het nie!!**

Tweedens moet jy nie die pad saam met die sondaars loop nie. Sonde is wetteloosheid, naamlik oortreding van Torah wat YHVH se onderrig en instruksies is (1 Joh. 3:4 en 5:17). Om nie die pad saam met sondaars te loop nie, beteken om nie deel te hê aan sonde nie, maar om heiligmaking na te streef (1 Pet. 1:15 en 16). Gehoorsaamheid aan Torah is die leefwyse van elkeen wat deur geloof geregverdig verklaar is en is die pad van heiligmaking (afsondering, *set-apart*). Ongehooorsaamheid aan Torah is die weg van die sondaar.

Laastens moet jy nie met YHVH die Almagtige spot nie. Hoe spot jy met YHVH? Indien jy die Woorde van Torah verontagsaam of enige deel daarvan, verhef jy jouself bokant YHVH en word jy 'n spotter van Hom. YHVH jou God is jou Hemelse Vader en om Sy “huisreels” te oortree is om die spot te dryf. Sal jy met jou aardse vader die spot dryf? Yeshua Messias is die Lewende Torah – die Woorde van YHVH wat vlees geword het. Om enige deel van hierdie lewende Woord van YHVH te verwerp, is om Yeshua te verwerp en 'n spotter te wees, want jy verhef jouself bokant hierdie Woord.

Dan is daar een baie belangrike ding wat jy **moet doen** om welgeluksalig te wees, en dit is om jou behae in die Torah (die wet) van YHVH te vind en dit dag en nag te oordink (Ps. 1:2). In hierdie verband verwys die Torah van YHVH nie net na die tien gebooie nie, maar na al die onderrig en instruksies soos in die Skrifte (Bybel) vervat is. YHVH se Torah moet vir jou 'n 24 uur per dag vreugde en begeerte wees. Dit is om jou behae in al YHVH se onderrig en instruksies te vind en om dit in jou lewe toe te pas. Jy moet nie net 'n hoorder van Torah wees nie, maar ook 'n dader daarvan.

En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie. Want as iemand 'n hoorder van die woord is en nie 'n dader nie, daardie een is soos 'n man wat sy natuurlike gesig in 'n spieël sien; want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. Maar hy wat diep insien in die volmaakte Torah van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, geseënd wees in wat hy doen. Jak. 1:22 tot 25.

Bepeins of Bespreek

1. Die tien gebooie is YHVH se “kontrole lys” en is die tien beginsels waarop die hele Torah (die wet) gebou is. Indien jy een gebod verwerp is jy ongehoorsaam en verwerp jy inderwaarheid al tien, want die tien gebooie is deel van die Karakter en Outoriteit van YHVH – deel van Sy wese. Om enige gebod te verwerp, is om YHVH te verwerp en dan dien jy nie YHVH nie, maar wel 'n afgod.

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom tot volgende keer.
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.